**Avian Demography Unit**
Department of Statistical Sciences
University of Cape Town
Rondebosch 7701 South Africa
Phone: (021) 650-4239/2423
Fax: (021) 650-3434
E-mail: donella@adu.uct.ac.za
www.aviandemographyunit.org

The Tony and Lisette Lewis Foundation South Africa

# GEKOÖRDINEERDE PADTELLINGS VAN VOËLS

## COORDINATED AVIFAUNAL ROADCOUNTS (CAR)

**INLIGTINGSBLAD 1** **DESEMBER 2004**

**HOE OM TE TEL**

Hierdie inligtingsblad dien regdeur Suid-Afrika as gids vir "CAR"-tellings. Geringe veranderings, veral met betrekking tot die soorte voëls wat getel moet word, sal in sommige streke van toepassing wees. Om te verseker dat opnames in verskillende dele van die land statisities vergelykbaar is, moet daar streng by die topsnelheid van 50 km/uur en die stilhougeleenthede elke 2 km gehou word. Dit is belangrike eienskappe van die metode wat vir CAR gebruik word. Tellings vind op die laaste Saterdag in Januarie en die laaste Saterdag in Julie plaas.

### ROETE EN AANVANGSTYD

1. Die roete wat aan u toegeken is, is aangedui op die kaart wat u ontvang het. Raak voor die tyd vertroud met die roete en neem gerus 'n padkaart saam as u moontlik mag verdwaal. Dit is belangrik dat u altyd in dieselfde rigting ry tydens tellings sodat die linker- en regterkant van die pad dieselfde bly van telling tot telling. Begin en eindig u telling altyd op dieselfde plekke vir elke telling sodat die lengte van die roete akkuraat gemeet word.
2. Sorg dat u 'n uur of twee na sonopkoms by u beginpunt aankom. Teen die tyd het die kraanvoëls hul gemeenskaplike slaapplekke verlaat en is in die omgewing versprei.

### WAT OM SAAM TE NEEM

'n Verkyker, 'n teleskoop (indien beskikbaar), pen of potlood, hierdie inligtingsblad, Inligtingsblad No. 4, u padkaart, toepaslike nuusbrief en die CAR-datavorm. Boeke oor voëls, 'n kospakkie, 'n fles koffie of koeldranke in 'n koelhouer word aanbeveel!

### WAT OM TE DOEN IN GEVAL VAN SLEGTE WEER

1. Indien dit mistig is of reën en die sig swak is, wag totdat die toestande verbeter voordat u voortgaan.
2. Indien die slegte weer nie later opklaar nie, laat vaar die tellery en hervat dit die volgende dag indien moontlik. As u egter ver moes ry en dit nie moontlik is om die volgende dag te tel nie, gaan dan voort met die telling.
3. Indien u om een of ander rede nie daarin kon slaag om die telling uit te voer nie, rapporteer dit asseblief **so gou as moontlik** aan u Gebiedsorganiseerder en doen die telling op die eersvolgende moontlike dag.
4. Indien die telling in 'n gebied afgelas word, kan dit vir 'n latere datum geherskeduleer word. Dit is belangrik (indien hoegenaamd moontlik) dat al die roetes in 'n gebied op dieselfde dag getel word.

### OM AAN DIE GANG TE KOM

1. Vul die besonderhede bo-aan die CAR-vorm in wanneer u by die beginpunt aankom: die weerstoestande, die lesing van die afstandmeter in u motor (stel indien moontlik die ritmeter op 0), asook hoe laat dit is. Omring die keuse vir die weerstoestande wat die grootste deel van die telling verteenwoordig omdat slegs een keuse vir die weerstoestande gemaak kan word. Vul ook u ADU-nommer in.
2. Ry stadig (maksimum 50 km/uur) en kyk aan beide kante van die pad uit na kraanvoëls, poue, korhane, ooievaars en ander groot grondlewende voëls.
3. Wanneer 'n voël van enige van die soorte wat getel moet word, opgemerk word, hou vir 'n oomblikkie stil en vul die CAR-vorm in soos verduidelik in Inligtingblad No. 4.
4. Hou elke 2 km (soos afgelees op die afstandmeter) stil. Klim uit u motor en kyk met 'n verkyker oral rond. Teleskope moet slegs gebruik word om die identifikasie van voëls te bevestig en nie om voëls op te spoor nie, aangesien dit op 'n verandering van die tegniek sal neerkom. U kan stilhou voordat die volle 2 km afgelê is indien daar 'n goeie uitkykpunt is. Moet egter asseblief nie verder as 2 km ry sonder om stil te hou nie, tensy dit nie veilig is om daar stil te hou nie. As die uitsig op 'n bepaalde stilhouplek swak is, ry 'n klein bietjie verder na 'n plek waar die uitsig beter is. Vul by elke 2-km stilhouplek die nodige inligting op die CAR-vorm in, tensy daar geen voëls is nie. Maak die stilhou-periodes so kort as moontlik (slegs 'n paar minute), omdat u nog 'n groot afstand het om af te lê.

5. Indien die roete op die kaart aandui dat u moet teruggaan op ’n pad waarop u alreeds gery het, doen dit teen ’n gewone snelheid en moenie enige voëls wat u sien, aanteken nie. Hervat die telling sodra u ’n nuwe gedeelte van die pad bereik. Onthou om die kilometerlesing aan die begin en einde van enige terugroetes of ompaaie aan te teken. In die geval van noodgedwonge wysigings van die roete, bv. as gevolg van ’n hek wat gesluit is of ’n brug wat oorstroom is, dui dit duidelik op die CAR-vorm aan.

## Voëlspesies om te tel

Die belangrikste soorte wat getel moet word, verskyn in die lys onderaan die CAR-vorm. Kyk ook na die streeksafdeling van die nuusbrief vir enige addisionele soorte. Die Witkruispaddavreter kan op ’n vrywillige basis getel word (gebruik die afkorting **HAR**). Onthou dat **korhane getel moet word wanneer hulle gesien of gehoor** word. Alle ander soorte word **slegs** aangeteken wanneer hulle gesien word.

## Korhane

Korhane (d.w.s. slegs die klein pousoorte, en nie die drie groot soorte nie) moet getel word **beide wanneer hulle gesien en wanneer hulle gehoor word**. ’n Roep wat uit ’n bepaalde rigting gehoor word, moet as ’n **enkele** individu getel word. Geen moeite moet gedoen word om voëls wat roep op te spoor nie. **L.W. HIERDIE METODE GELD NET VIR KORHANE.**

Dit is duidelik dat u moet probeer om die roepe van die verskillende korhaansoorte in u gebied te leer ken. Wees asseblief ook baie versigtig met die uitkenning van soorte op grond van beide hulle roep en hulle visuele kenmerke in gebiede waar beide die Witvlerkkorhaan/Witvlerk-swartkorhaan en Swartvlerkkorhaan/Swartkorhaan voorkom (d.i. dele van die Oos-Kaap), en waar beide die Blou- en Vaalkorhane voorkom (d.i. dele van die Vrystaat).

Onthou dat die Witvlerkkorhaan, ook bekend as die Witvlerk-swartkorhaan, nou erken word as ’n selfstandige voëlsoort. As u u in die Vrystaat of die Karoo bevind, is wat die ou voëlgidse aandui as ‘Swartkorhaan’ in werklikheid die Witvlerkkorhaan!

## Voëls buite hulle verspreidingsgebied

Indien u enige voëls buite hulle normale verspreidingsgebiede sien, bv. ’n Gompou in die Overberg of ’n Veldpou in die Karoo, verskaf asseblief genoeg addisionele inligting oor u waarneming (op ’n afsonderlike bladsy) wat dit moontlik sal maak om te bevestig dat u die soort korrek uitgeken het. ’n Foto sal baie nuttig wees as u een kan neem. Verstaan asseblief dat dokumentasie en bevestiging in sulke gevalle noodsaaklik is omdat groot veranderings in die verspreidingspatrone van veral bedreigde soorte van groot wetenskaplike- en bewaringsbelang is. Dit is veral belangrik vir soorte wat maklik verwar kan word soos Veldpou en Ludwigsepou, en die Swartvlerkkorhaan/Swartkorhaan en Witvlerkorhaan/Witvlerk-swartkorhaan, waarvan die verspreidingsgebiede op sommige plekke saamval.

## HOE OM DIE PADTELLINGSVORM IN TE VUL

Verwys asseblief **na Inligtingsblad No. 4** vir instruksies oor hoe om hierdie vorm te voltooi.

## Evaluering van die tel-omstandighede

Dit is nuttig om ’n evaluering van die heersende toestande tydens die telling te hê. Evalueer die telling asseblief as **goed, bevredigend** of **swak.** Indien die sigbaarheid goed was en daar geen probleme was om die roete te voltooi nie, dui dit aan as ‘goed’. Indien die gras relatief lank was, maar u dink dat die meeste van die voëls sigbaar was, dui dit aan as ‘bevredigend’. As die gras egter baie lank was of die sigbaarheid as gevolg van mis swak was, of as u nie die roete kon voltooi nie as gevolg van ’n onbegaanbare pad, dui dit aan as ‘swak’. Beskryf asseblief ook kortliks die probleme wat ondervind is. Onthou dat dit slegs verwys na die toestande wat die telling beïnvloed het, soos swak sig, en **nie** of daar ’n teleurstellende aantal voëls was nie.

## Aanmelding van dooie voëls

Indien u enige voëls sien wat vergiftig of doodgeskok is, teken dit aan op u CAR-vorm. Teken die presiese posisie aan en rapporteer dit asseblief onmiddelik aan Natuurbewaringsbeamptes wat die nodige ondersoeke sal doen. U kan ook die Gifstofwerkgroep skakel op (011) 486-1157 (na ure: 082 4468 946) of Eskom op 086 0111 535.

## FINALISERING VAN DIE TELLING

1. Teken aan hoe laat die telling voltooi is. (Dit sal gewoonlik vroeg-middag wees. U kan gerus die telling voor die einde van die roete onderbreek, maar dui dit duidelik op die vorm aan (km-lesing en die tydsduur)).
2. Bereken die lengte van die roete, m.a.w. trek die afstand van alle ompaaie en terugroetes van die afstandmeter-lesing af en vul die werklike afstande op die vorm in. Maak seker dat alle besonderhede wat benodig word, ingevul is en teken alle interessante inligting of kommentaar aan in die toepaslike spasies.
3. Maak **altyd** ’n afskrif van u vorm en bêre dit (ingeval die oorspronklike vorm in die pos of per faks verlore raak).
4. Stuur u CAR-vorm so gou as moontlik aan u Gebiedsorganiseerder.
5. Indien u nie die telling kan doen nie, of probleme ondervind of navrae het, skakel asseblief met u Gebiedsorganiseerder.

GENIET DIE UITSTAPPIE!

**James Harrison en Donella Young**
**Projekbestuurder en Projekkoördineerder**